

15 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:31, 32

Fokusgedeelte: Matteus 5:31, 32

Bou die huwelik en jou huweliksmat op

Die sewende gebod gaan nie bloot oor wat ek nie moet doen nie, maar ook oor wat ek wel moet doen. Die huwelik is God se idee (Gen. 2): dit is heilig, vir opbou, aanmoediging, dit gaan oor 'n verhouding, dit gaan oor twee lewensmate wat die uitdagings van die lewe tot eer van God saam aanpak en saam werk tot die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit is ons gesamentlike fokus (missie).

Tog verskil huweliksmate in denke, in belangstelling, in persoonlikhede en boonop is liefdesemosies so dikwels wispelturig. Soms plaas omstandighede groot stremming op huwelike. Maar omdat God julle eerste liefgehad het, omdat God julle God is en omdat die Heilige Gees in en deur julle werk, kan jy:

- jou huweliksmat onvoorwaardelik liefhê (sonder verwyte of verwagtinge);
- jou huweliksmat (wat in eerste plek God se skepping is) bewaar, opbou, koester en help;
- tyd maak om een te wees (fisies, psigies en geestelik);
- telkens vra: Wat moet ek nou doen of sê dat ons huwelik God al hoe meer verheerlik? Hoe kan ek die mooie in hom/haar na vore bring?
- fokus om jouself en jou eie reaksies te verander, dit sal outomaties die huweliksdinamika en dikwels jou maat verander;
- jou huweliksmat al meer deur die oë van God sien.

Jy het die voorreg om saam met jou maat God se pad vir julle te loop. Jy het die voorreg dat God die derde persoon in julle huwelik kan wees.

En tog ... soms word daar, deur een of beide partye, in ongehoorsaamheid vir te lank meer gebreek as gebou, soms is daar dan die sonde van egskeiding. Maar ... laat ons nie oordeel nie, maar liefhê sodat gebroke mense hulle pad na God kan terugvind. Jesus het ook hiervoor gesterf.

Sing: Skrifberyming 9-3:1

Ds. CJ van Heyningen (Stellenbosch)